# Spel en leesfoute

## Visuele Diskriminasie

Verwarring van b/d en h/j. Raai va
woorde deur na eerste letter te kyk.

**Marlene van der Berg**

**5/6/2012**

Dit is belangrik om te onthou dat ons na elke kind in die geheel moet kyk. Die lees en spelfoute wat leerders maak wys terug na perseptuele vaardighede wat nog bemeester moet word. Leesfoute en spelfoute wys na spesifieke perseptuele vaardighede wat nog met die kind geoefen moet word.

So sal **b/d Verwarring en h/j verwarring wys na of visuele diskriminasie en ruimetlike oriëntasie vaardighede wat nog bemeester moet word.**

## Visuele diskriminasie

Onvoldoende visuele diskriminasie veroorsaak dat die kind nie letters wat 'n visuele ooreenkoms toon, kan onderskei nie. Hy sal ook probleme ondervind om die volgorde van letters in 'n woord te onthou en sal dan dikwels die woorde raai, deur na die beginklank te kyk.

## Ruimtelike Oriëntasie (Liggaams-oriëntasie)

'n Kind met swak ruimtelike waarneming is geneig om omkeringe en omdraaiinge in sy lees en spelling te maak.

## Oefeninge wat gedoen kan word om hierdie probleme op te los.

# Visuele diskriminasie:

**Gebruik die Visuele geheue speletjies soos uiteengesit in die Visuele geheue dokument.**

- Voorbeelde van oefeninge:

a) Laat die kind aantoon watter prentjie aan die regterkant by die prent aan die linkerkant pas.



Knip die blare uit op die volgende bladsy en laat die leerder dit bymekaar pas.

















- Die kind moet die letter(s) aantoon wat soos die eerste een lyk.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| a | e | a | o | a | a |
| b | d | b | b | d | g |
| o | e | o | a | u | o |
| n | u | n | u | n | n |
| j | j | i | h | j | y |
| f | j | t | f | l | f |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| bd | db | bd | dd | bb | bd |
| hj | jh | hj | hh | hj | jj |
| mn | wu | mu | mn | nm | mn |
| ad | da | ad | do | ad | da |
| ef | fe | fo | ef | of | ef |
| ab | ba | ab | bb | aa | ab |
| sc | ss | cc | sc | cs | sc |
| dd | db | bd | dd | bd | dd |

Die kind kry 'n groot kaart met prentjies op asook los kaartjie wat op die groot kaart gepak moet word. Die los kaartjie moet met die prente op die groot kaart ooreenstem.
















- Sortering van voorwerpe volgende sekere eienskappe bv.

a) Blokkies volgens kleur, grote, vorm, ens.
b) Knope volgens kleur, grote, vorm, ens.

- Sien verskille in prente raak.



- Kan jy die veertien verskille tussen die twee prente raaksien.



# Diskriminasie kaarte:

- Knip die los vorms uit en pas op die korrekte vorms op die volgende bladsy.







- Kyk na elke rytjie. Kleur die vorm in wat nie by die ander pas nie.



- Kyk mooi na elke rytjie. Kleur die twee prentjies wat dieselfde lyk in.









- Knip die kaartjie uit. Skommel en leerder moet dit bymekaar pas. Kan dit ook gebruik om patrone te pak.









# Verwarring van b/d

Gebruik die volgende kaarte as muurkaarte sodat die kind dit as 'n verwysing kan hê.




bed

# Soek die b

b

d b d b

d

b d d

b

d

b d b d

d b d d

# Soek die d

d b d b

d

d

b d d

b

d

d b b d

d b d d

# Rympie

## Bennie Beer het ‘n boep.
## Eers die rug en dan die boep.

- Laat leerder staan en bewegings maak volgens die rympie.
- Bennie Beer het ‘n boep. (Wys met hande boep.)
- Eers die rug (Neem hande en trek teen lyf af.)
- En dan die boep. (Leerder wys met vinnige beweging die boep wat vorentoe wys.)

- Herhaal die rympie ‘n paar keer.

- Laat kind met lyf die “b” voel.

- Kind lê reguit op sy.  Trek bene op en vou arms om bene.

- Die kind herhaal weer die rympie.

# Rympie

Ou Dik Daan hou van appels.
Elke dag eet hy a, a, a, a, appels.
Sommer tien op 'n slag.

Eerste kom sy magie rond
En dan kom sy ruggie regop gestrek.

- Leerder staan en maak of hy appels eet soos hy die rympie sê.
- Eerste kom sy magie rond
- En dan trek hy ruggie regop met arms wat magie wys.



- -b en –d is albei nekletterjies.

- Leerder bou die b/d met klei. Verf dit met water teen muur of op sement. Gebruik vingerverf en verf die letters op koerantpapier/ou tydskrifte.
- Knip die letters uit tydskrifte uit en plak dit op papier of op ou koerantpapier.

## Verwarring van h/j




- -h is 'n nek lettertjie.
- -j is 'n stert lettertjie.

# Soek die h

h j h h j

h h

h j h j

h j

h j h j

Soek die j

j

h h j

j

h h

h

j h j

h

j

j h

h

h j h j

j h j h

h h h h

j j j j

hok hop h

jos jo j

- Maak 'n kringetjie om die woorde wat met dieselfde letter as die letter in die raampie begin.

| | | | |
|---|---|---|---|
| b | bal | dam | by |
| d | daar | bal | dag |
| h | haar | jaar | haas |
| j | jas | ham | jaar |
| h | haan | jaar | haar |
| d | dam | bad | das |
| b | bak | dam | bad |
| j | jak | jeuk | haak |